*Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging * Bushveld Hunters and Game Conservation Association*

# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
ANNUAL GENERAL MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **13 SEPTEMBER 2011**

PIETERSBURG


Kantoor: Rondeboch no.3, Hans van Rensburg straat no.82.
Tel. No. 015 297 1331
Faks no. 015 297 2797
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Nico Wepener Tel. No. 083 407 4512 e-pos: nwepener@gmail.com
Ondervoorsitter: Norman Brown Tel. No. 083 635 1234 e-pos: nhbrown01@gmail.com
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1965 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za


---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br><br>Andrè van der Merwe open die vergadering met gebed, waarna Nico Wepener almal teenwoordig welkom heet. | Nico Wepener |
| 1.2 | **Nominasies vir bestuur / Nominations for management**<br><br>Nico Wepener verklaar dat, volgens die grondwet, alle nominasies vir nuwe bestuurslede gesluit het. | Nico Wepener |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies**<br>Paul Stander, Attie Diedericks (Snr & Jnr), Karin Fourie, Martin Venter, Stephan Coetsee, Norman Brown, Matie Horn, Gerhard de Villiers, Callie Mouton, Johan Grimbeek, Robby Scott, Wouter Chalmers, Bertus Koekemoer, Nico Bierman, Johan Kapp, D de Klerk. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List**<br><br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. Die Voorsitter bevestig `n korum. | Almal |
| 1.5 | **Doelstellinge** | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Nico Wepener lees die doelstellinge van die Vereniging voor. | Nico Wepener |
| **1.6** | **Mosies / Motions** | |
| | 1.6.1 Oom Hennie Barnard is oorlede. Nico Wepener spreek die tak se meegevoel met sy famailie uit. | Almal |
| **1.7** | **Vasstelling van die sakelys** | |
| | 1.7.1. Konstitusionering van die vergadering<br>Die Voorsitter bevestig dat kennis van die vergadering wel volgens die grondwet in tyd geskiet het en dat `n korum teenwoordig is. Die vergadering is dus wettig. | Almal |
| | 1.7.2 Sakelys<br>Die volgende punt word by die sakelys gevoeg:<br>2.1 Intertak skiet | Almal |
| **1.8** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.8.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Nico Wepener lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 14 September 2010. | Almal |
| | 1.8.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>Punt 1.1: Verander "heed" na "heet". | |
| | 1.8.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Stan Rodgers | |
| | 1.8.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Ockert Fourie | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 Jaarverslag van die Voorsitter<br>Die Voorsitter lewer sy verslag. Pieter Grimbeek vra wat die huidige situasie is rakende die ledetal asook die afhaal van toegewyde jagters. Nico Wepener antwoord dat die ledetal redelik konstant bly op ongeveer 300 lede. Verder is daar die jaar 43 toegewyde jagters van hulle status ontneem. Die grootste rede hiervoor is weens die verval van lidmaatskap. Die verslag word aan die oorspronklike notule geheg. | Nico Wepener |
| | 1.9.2 Finansiële verslag<br>Die Tesourier lewer sy verslag. Volgens die verslag het die tak `n wins van R9675.00 getoon vir die jaar wat geeindig het op | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 31 Augustus 2011. Daar is ook steeds R113994.00 in die bank beskikbaar.<br><br>Die verslag word by die oorspronklike notule aangeheg.<br><br>1.9.3 Verkiesing van nuwe bestuur<br><br>Nico Wepener, wat vir die afgelope sewe jaar as voorsitter gedien het, dien skriftelik sy bedanking in. Aangesien daar slegs `n nominasie vir een kandidaat ontvang is, word Rudi Myburgh as die nuwe voorsitter aangewys.<br><br>Aangesien daar ook `n nominasie was vir Decs de Jager as onder-voorsitter, word Decs gevra om die lokaal te verlaat en word `n stemming gehou tussen Decs de Jager en die huidige onder-voorsitter, Norman Brown. Met die opsteek van hande word Decs de Jager as nuwe onder-voorsitter verkies.<br><br>Aangesien daar geen nominasies was vir sekretaris of tesourier nie, word Stephan du Plessis weer aangewys as sekretaris en Ben Redelinghuys as tesourier.<br><br>Die bestuur is dus:<br><br>Voorsitter: Rudi Myburgh<br>Onder-Voorsitter: Decs de Jager<br>Sekretaris: Stephan du Plessis<br>Tesourier: Ben Redelinghuys<br><br>Die nuwe bestuur sal vergader om nog lede te ko-opteer. | BRedelinghuys<br><br>Almal |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **Intertak skietdag**<br><br>Nico Wepener rapporteer dat Pietersburg die jaar die Intertak skietkompetisie gewen het en stel vir Rudi Myburgh aan die woord.<br><br>Rudi Myburgh rapporteer dat die tak 13 skuts vir die kompetisie ingeskryf het. Dit is ook die meeste van al die takke. Verder rapporteer Rudi dat Pietersburg 1 eerste was, Pietersburg 2 was derde en Pietersburg 3 was vyfde gewees. Daar was ook twee junior skuts in die Pietersburg 3 span. Rudi wens al die skuts geluk met hulle prestasies en deel sertifikate aan die skuts uit. Daar word ook | Rudi Myburgh |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | gerapporteer dat dit die eerste keer is wat Pietersburg die Intertak kompetisie wen. | |

**3. ALGEMEEN GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Nico Wepener bevestig dat die tak weer `n bedrag van R1000.00 by die kroeg borg en nooi almal uit om gesellig te verkeer na die vergadering. Daar sal ook potjiekos beskikbaar wees. | Almal |

**4. AFSLUITING CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Andrè van der Merwe sluit die vergadering af met `n gebed . | |

**5. GOEDGEKEUR APPROVED**

____________________ ____________________

Sekretaris Datum

____________________ ____________________

Voorsitter Datum